

Sondag 15 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 12:1-2, 17-21

Fokusgedeelte: Romeine 12:17-21 (AFR83)

Doen goed te midde van ander se vyandigheid

Dit gebeur dikwels dat gelowiges in die werkplek te doen het met teenstand en vyandigheid van ander. Iemand kan van jou skinder, op jou jaloers wees, jou geleentheid vir bevordering probeer dwarsboom, jou beeld by die bestuur probeer slegmaak of jou beledig. Wat staan ons dan te doen as gelowige kinders van die Here? Kom ons luister na die Woord.

Van nature is ons geneig om aan die persoon wat ons benadeel, dieselfde terug te doen. Dan wil ons wraak neem en terug spot, terug beledig, ook begin skinder, ook aan die bestuur dinge oor dié persone deurgee, ensomeer. Die Here verwag egter van ons om anders op te tree en anders te wees as die mense van hierdie wêreld. Ons moet nie self begin wraak neem en oordeel nie. Die oordeel oor ander kom God alleen toe. Ons moet aanhou goed doen, aanhou help waar ons kan, aanhou om in liefde op te tree en te praat.

In die oorspronklike taal is dit opvallend dat die werkwoorde wat dui op ons goeddoen aan ander wat ons kwaad probeer aandoen, telkens in vorme is wat daarop dui dat ons voortdurend of by herhaling goed moet doen. Dit sal ons nooit in eie krag kan regkry nie, maar alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Wanneer ons so optree, leef ons die beeld van ons Here Jesus ook daar in die werkplek uit.

Van Hom hoor ons in 1 Petrus 2:23: *Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.* Mag dit ons inspireer om ook vandag en elke dag goed te doen aan dié wat ons probeer benadeel.

Sing: Skrifberyming 9-4:4, 5

Ds. L du P van der Vyver (Wicus) (Silverton)